St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus **Nr. 14** **(012) 804-9670** **(012) 804-5039** **14 Mei 2010**

Beste Ouers

HERWINNINGSNUUS

Ons toegewyde span streef voortdurend daarna om sensitiwiteit rondom omgewingsake te verskerp, aangesien dit ons verbind hou tot herwinning en om die "Aarde te Red". Die Dorpie is amper voltooi en as die weer dit toelaat sal ons die mosaiëk in die nabye toekoms kan klaarmaak. Ondersteun asseblief ons herwinnings-

projek! As u nog nie "wash" en "squash" nie, en nie weet waar om te begin nie, begin klein deur byvoorbeeld plastiek melkhouers te herwin, en daarvandaan op te bou. Voor u u oë uitvee sal u baie bedrewe raak en sal herwinning 'n leefwyse word. Dankie aan die toegewyde span Ma's onder leiding van die Komitee: Marjorie King (Voorsitter), Lynette du Plessis (Vise-Voorsitter), en Lauren Schrempel (Tesourier). Hou aan herwin en red die aarde. HERWINNINGSNUUS WORD NOU OP DIE BORD BY DIE DORPIE GESIT.

SPORT EN ONS ETOS

By St Paulus word sport as 'n integrale deel van ons holistiese benadering tot die ontwikkeling van ons kinders gesien. Om deel te wees van 'n span, leer ons kinders noodsaaklike lewensvaardighede. Hulle moet leer om 'n span te ondersteun sonder om noodwendig as individue uit te blink, om beurte te maak, om na Afrigters en leerkragte te luister, om die skeidsregter se besluite te aanvaar, om regverdig te speel, en bowenal om grasieus te wen en met grasie te verloor. Op Mini-Sport vlak moet al ons kinders beurte maak om doelwagter te speel en is dit regverdig as almal 'n kans kry om uit te blink deur voor te speel, en ook somtyds op die agtergrond te wees. Wen of verloor, sport by St Paulus gaan oor pret. Ons hou daarvan om te wen, maar nie ten koste van genot nie, en dit is die skool, wat deur ons ouers ondersteun word, se verantwoordelikheid om te verseker dat die uiters belangrike balans gehandhaaf word.

In al ons verhoudings – volwassene en volwassene, kind en kind – probeer ons by ons leuse hou: "Respek vir self en ander." Ek moet 'n beroep op ouers doen om ons Afrigters en Bestuurders te ondersteun, aangesien dit nodig is dat kinders hierdie individue as die leiers by ons sportwedstryde sal sien. In ooreenstemming met ons etos moet ons mekaar met respek behandel, en as rolmodelle vir ons kinders, moet ons onnodige konflik vermy. Een van die probleme op Mini-Sport vlak is dat ons nie voor 'n Saterdag wedstryd weet hoeveel kinders gaan opdaag nie. Dit is ongelooflik stresvol vir die Bestuurder om 'n wedstryd met té min of té veel spelers te bestuur, en almal 'n kans te probeer gee. Met hokkie lyk dit of ons op beide O/8 en O/10 vlakke probleme ondervind as gevolg van kinders wat onwillig is om beurte te maak om doelwagter te speel. In Mini Sport, waar die klem op deelname val, het ek 'n paar eenvoudige reëls opgestel wat ons sal help om te verseker dat ons kinders die beste sport ervaring het:

- Kinders wat aan Saterdag-wedstryde wil deelneem, moet na die weeklikse oefeninge toe kom.
- Afrigters moet teen Donderdagmiddag 'n lys name hê van almal wat aan 'n Saterdag-wedstryd gaan deelneem. As 'n kind hom/haarself verbind het tot deelname, moet hy/sy hierdie verbintenis nakom.
- Maak seker hoe laat kinders by wedstryde moet wees en maak seker dat hulle betyds is.
- Almal moet bereid wees om beurte te maak om doelwagter te speel.
- Moenie op die kantlyn negatiewe kommentaar oor skeidsregters of spelers lewer nie.
- Ondersteun afrigters en bestuurders en gee hulle kans om die kinders sonder inmenging te organiseer.
- Kinders moet beenskutte en mondskerms dra.
- Werk saam om te verseker dat ons kinders goeie wedstryde kry, regverdig speel, hulle skooluniform met trots dra, en veral PRET het.

As u enige bekommernisse het, maak gerus 'n afspraak om dit met my of een van die Hoofde van Departement te kom bespreek. Ons kan almal saamwerk om te verseker dat ons besluite tot voordeel van al ons kinders strek. Sportdepartement Kontakdetails: (012) 804-9095 / 076-860-0984 / sport@stpaulus.co.za.

ST PIFA SPORTTOERNOOI

Inskrywingsvorms vir die Toernooi is by die Skoolkantoor beskikbaar. Koste per volwassene per sportkode (sokker/netbal) is R30 en vir kinders, R25. Die opbrengste is ten bate van die 2010 OOV projek, naamlik om die area tussen die swembad en die Nasorg/Graad R klaskamers, te ontwikkel.

U sal opgemerk het dat ons besig is om besproeiing en kitsgras in swembadarea aan te bring. Dankie aan Ilze Venter en haar OOV Komitee, en al ons ouers wat geld ingesamel het om hierdie byvoeging moontlik te maak.

GELUKWENSE

Jaco Möller en Chanel Maas is ons LLK Voorsitters vir 2010.

Soos verlede week genoem, is daar akademiese beurse na St Mary's DSG aan Chanel Maas en Catherine Uys toegeken. Selwyn Steyn en Niel Muir het albei beurse vir 2011 na St Alban's Kollege gewen.

Ons is baie trots op hierdie jongmense en al ons jongmense in Graad 7 wat verbind is tot diens aan die skool soos hulle die jonger studente ondersteun en vir hulle sorg.

OPEDAG

Ons Opedag vir 2011 se plasing van kinders in ons Voorskool vind op Saterdag, 15 Mei vanaf 09:00 in die Saal plaas. As u enige vriende het wat beplan om hulle kinders na ons Voorskool te stuur, laat my asseblief weet.

VAKANSIEPROGRAM

Ons weet almal dat die 5-week lange Junievakansie vinnig naderkom en dat dit 'n bietjie van 'n kopseer vir sekere ouers is, veral vir die Ma's wat voltyds werk. Ons kyk daarna om Sportklinieke aan te bied [hokkie, sokker, atletiek en krieket] en 'n volledige Vakansieprogram vir een week van die vakansie, as daar genoegsame belangstelling is. As u belangstel, laat weet asseblief die Skoolkantoor: secretary@stpaulus.co.za.

Mag u 'n vredevolle naweek saam met u kinders hê!

DIE WEEK WAT VOORLÊ

Saterdag, 15 Mei:
Voorskool Opedag in die Saal van 09:00 tot 11:00
Mini-Sokker by Hatfield CS om 07:30
Hokkieliga by Rietondale
Dinsdag, 18 Mei:
Sokker: Kwarteindrondte van die Uitdaagbeker
O/10A teen Lynnwoodrif by St Paulus
O/10B teen Springvale by St Paulus
O/10C teen Lynnwoodrif by St Paulus
O/11B teen Springvale by St Paulus
O/13B teen Springvale by St Paulus
Woensdag, 19 Mei:
Sokker teen Woodhill
O/13A, B, D – Weg
O/13C teen Lynnwoodrif by Lynnwoodrif
O/11A, B – Tuis
O/10A, B, C – Tuis
Netbal: O/9 – O/13 teen Valhalla – Weg
Donderdag, 20 Mei:
Laduma Gr. 1 – 3 Musiekfees
Vrydag, 21 Mei:
Gr. 3 Winter Sokkerspele
Sportfees by Crawford
Sokker: Malas Toernooi (Seniors) by Harlequins
Saterdag, 22 Mei:
Spar Sokkertoernooi (Juniors) by Lynnwoodrif
Hokkieliga by Rietondale (O/12 en O/13)
Mini-Hokkie (O/8 – O/10 Meisies) by Rietondale.
Sien asseblief die sport aansteekbord vir spanne.

"Kids create two kinds of dirt:
dark dirt that collects on light furniture and
light dirt that collects on dark furniture."